ATKV Tienertoneel 2019

Toneelslypskole

Die ATKV bied in 2019 twee slypskole aan:

- **11** tot **13 April** in **Port Elizabeth** by Hoërskool Framesby
- **23** tot **25 Mei** in **Durban** by Kuswag Skool

Tydens die slypskool sal **REGIE**, **SPELLEIDING** en **SPEL** in diepte behandel word tydens interaktiewe lesings en praktiese oefeninge.

Koste beloop **R300 per persoon per dag** – dit sluit die kursusmateriaal, middagete en ligte verversings in. Jy kan inskryf vir slegs een dag, twee dae of al drie dae. Elke kursusganger ontvang ’n ATKV-sertifkaat van bywoning.

Die sluitingsdatum vir registrasies is 2 April vir die Port Elizabeth-slypskool en 10 Mei vir die Durban-slypskool. Deposito van 50% is betaalbaar wanneer jy inskryf. Registreer so gou as moontlik (met ’n voltooide inskrywingsvorm en ’n bewys van betaling van die deposito), aangesien ’n beperkte aantal kursusgangers geakkommodeer kan word.

Dag 1 (11 April in Port Elizabeth en 23 Mei in Durban) – **REGIE**, aangebied deur Marí Borstlap

Marí Borstlap is ’n teaterregisseur, ontwerper en dramaturg.
Sy behaal haar meestersgraad in drama aan die Universiteit van Stellenbosch in 2012. Marí vervaardig, skryf en behartig die regie van verskeie professionele produksies sedert 2010. Haar Tienertoneelstuk, *WolkKop* word in 2014 as die algehele wenproduksie van ATKV-Tienertoneel aangewys en Marí ontvang hiervoor ook die toekenning as beste regisseur. In 2015 behartig sy die regie en ontwerp vir die bekroonde drama, *Drif* deur Reza de Wet, wat ’n speelvak in Stellenbosch geniet en ook tydens Woordfees 2017 opgevoer is. Sy tree op as regisseur vir die produksie, *Kristalvlakte*, wat in 2016 by die Suidoosterfees debuteer en ook by Aardklop Kunstefees ’n speelvak geniet het. Marí is vir ’n Broadway World-toekenning vir die regie van *Kristalvlakte* genomineer. In 2018 behartig Marí die regie en ontwerp van vier debuutproduksies tydens die US Woordfees: *Haal Asem* (met Ira Blanckenberg), *Die Kuns van Verdwyn* (met Gérard Rudolf), asook *Grepe* (met Karin Hougaard) en *Gesnaarde Gedigte* (met June van Merch en Hilandi du Toit).

Marí gee advies oor die boublokke van regie: keuse van teks, rolverdeling, styl, akteurs se plasing op die verhoog en bewegings, tegniese versorging, kreatiewe idees vir konseptualisering, stelontwerp, asook wat om liefs te vermy. Kom leer nuwe tegnieke en vind inspirasie om jou visie en konsep op die verhoog te laat lewe.

→ Vir volwassenes, asook belangstellende/ontwikkellende leerders en aspirantregisseurs.

08:00 – 08:30 Registrasie
08:30 – 10:30 Aanvang van slypskool
10:30 – 11:00 Koffie/Tee
11:00 – 13:00 Slypskool duur voort
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 16:00 Slypskool duur voort
16:00 – 16:30 Afsluiting en sertifikaatoorhandiging

Dag 2 (12 April in Port Elizabeth en 24 Mei in Durban) – **SPELLEIDING**, aangebied deur Ira Blanckenberg

Ira Blanckenberg sal optree as die kursusleier vir die slypskole in SPELLEIDING en SPEL.
As professionele teater-aktrise speel sy onder andere in *Othello*, *Kat-en-muis-speletjies*, *Oom Anton by die see, Pa* en *Drif*. Tydens 2018 se Woordfees debuteer Ira met haar eenvrouvertoning, *Haal asem*, waarvan sy ook die teks self geskryf het, met regie deur Marí Borstlap. Die produksie was tydens die Vrystaat Kunstefees te sien gewees en sal ook ’n speelvak geniet tydens die KKNK en Innibos vanjaar. In 2017 toer Ira en Waldemar Schultz met *Die heel mooiste Afrikaanse liefdesgedigte* onder leiding van Juanita Swanepoel en ontvang hiervoor ’n Woordtrofee-nominasie. Hierdie produksie sal ook deel vorm van Innibos se program vanjaar. In 2016 tree sy op as hulpregisseur van *Kristalvlakte* deur Amy Jephta, met talle van die spelers genomineer vir fees- en Fiëstatoekennings. As televisie-aktrise word sy onder meer onthou vir haar vertolkings in *Egoli*, *Binnelanders*, *7de Laan* en *Suidooster*. Sy het verskyn in *Die Byl* en *Boland Moorde 2*. Sy was ook te sien in die kortflims *Vloeksteen* en *Toevlug*. In 2020 sal die film *Toorbos* verskyn waarin sy Melina Kapp vertolk. Gedurende 2018 en 2019 tree sy gereeld op as dialoog-afrigter vir *Suidooster*. Ira is reeds ’n hele paar jaar betrokke by die ATKV-Tienertoneelkompetisie as beoordelaar en is ook die eienaar van haar eie dramaskool, Stageright Drama, waar sy al ritse produksies vir die dramaskool en verskeie hoërskole op die planke gebring het.

Wat is spelleiding? Hoekom is dit noodsaaklik vir die sukses van enige teaterproduksie? Watter tegnieke en aktiwiteite kan gebruik word om spelleiding aan spelers te bied? Deur middel van interaktiewe lesings en praktiese aktiwiteite sal jy gelei word om ’n dieper begrip te kry oor hierdie essensiële komponent van regie. Jy sal verskeie hulpmiddels ontvang waarmee spelers bygestaan kan word om volronde karakters te skep; ritme, vloei, invalle en klimakse te verstaan; teksanalise te doen; asook hoe om hul eie karakterenergie en spraakritme te behou.

→ Vir volwassenes, asook belangstellende/ontwikkellende leerders en aspirantregisseurs.

08:00 – 08:30 Registrasie
08:30 – 10:30 Aanvang van slypskool
10:30 – 11:00 Koffie/Tee
11:00 – 13:00 Slypskool duur voort
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 16:00 Slypskool duur voort
16:00 – 16:30 Afsluiting en sertifikaatoorhandiging

Dag 3 (13 April in Port Elizabeth en 25 Mei in Durban) –
SPEL, aangebied deur Ira Blanckenberg

Vir leerders – kom leef jou liefde vir toneelspel uit en leer nuwe tegnieke! Tydens praktiese lesse sal spelers gelei word om o.a. karakterisering, teksontleding, stemgebruik, lyftaal, energie, tempo en ritme te verstaan en toe te pas op die verhoog.

Spesiale aanbod: Indien ’n skool tien leerders vir die SPEL-kursus inskryf, sal die ATKV die kursusfooi vir ’n elfde leerder ten volle subsidieer. Die skool betaal dus net vir tien leerders, maar skryf elf leerders in.

Kursusgangers wat die vorige dag se spelleidingkursus bygewoon het, kan die spelkursus as **waarnemers** bywoon om die tegnieke wat die vorige dag bespreek is, in aksie te beleef (R200 per dag i.p.v. R300).

08:00 – 08:30	Registrasie
08:30 – 10:30	Aanvang van slypskool
10:30 – 11:00	Koffie/Tee
11:00 – 13:00	Slypskool duur voort
13:00 – 14:00	Middagete
14:00 – 16:00	Slypskool duur voort
16:00 – 16:30	Afsluiting en sertifikaatoorhandiging

Kontakbesonderhede

Lizané Basson
011 919 9078 (t)
086 628 7776 (f)
LizaneB@atkv.org.za

Charlton Lee
011 919 9077 (t)
086 628 7776 (f)
CharltonL@atkv.org.za

ATKV

Toneelslypskole 2019

Inskrywingsvorm

Port Elizabeth
11 tot 13 April ☐

Durban
23 tot 25 Mei ☐

Naam en **van** _____

Skool (indien van toepassing) _____

Dorp/Stad _____

Selfoonnommer _____

E-posadres _____

Leerder ☐ Graad _____

Volwassene ☐ Beroep _____

Dui die dag/dae (een dag of verskeie dae) waarvoor jy registreer aan met 'n X:

REGIE: Dag 1 (volwasse- en leerderregisseurs, asook aspirantregisseurs)	☐
SPELLEIDING: Dag 2 (volwasse- en leerderregisseurs, asook aspirantregisseurs)	☐
SPEL: Dag 3 (leerders as kursusgangers)	☐
SPEL: Dag 3 (waarnemers* – slegs indien jy Dag 2 bygewoon het)	☐

Is daar enige spesifieke onderwerp/aspek/vraag wat jy by die inhoud ingesluit wil hê?

_____

Inskrywingsgeld beloop **R300 per persoon per dag** (*behalwe vir diegene wat SPEL op Dag 3 as waarnemers bywoon – hulle betaal slegs R200 per persoon vir die dag).
'n Deposito van 50% is onmiddellik betaalbaar. Die res van die inskrywingsgeld moet voor die aanvang van die slypskool betaal word.

Bankbesonderhede

Rekeninghouer:	Die ATKV	Bank:	Absa
Rekeningnommer:	017 016 6728	Takkode:	632 005
Verwysing:	"Toneelslypskool" en jou naam		

Kansellasiebeleid

- Kansellasies wat na die sluitingsdatum(s) ontvang word, verbeur die volle deposito.
- Persone wat nie opdaag vir die slypskool nie, of wat nie al die dae waarvoor geregistreer is, bywoon nie, is steeds aanspreeklik vir die volle inskrywingsbedrag.
- Indien die slypskool as gevolg van buitengewone omstandighede deur die ATKV gekanselleer word, sal die volle inskrywingsbedrag terugbetaal word.
- Die ATKV behou die reg voor om 'n slypskool minstens twee weke voor die datum van die beplande aanbieding te kanselleer indien die verlangde minimum aantal inskrywings vir die kursus nie ontvang is nie.

Kursusgangers is self verantwoordelik vir hul vervoer- en verblyfreëlings.
Die persoon wat inskryf, vrywaar die ATKV van enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van watter aard ook al wat so 'n persoon mag ly gedurende die hele verloop van die toneelslypskool.
Die persoon wat inskryf, magtig die ATKV om foto's en video's wat gedurende die skryfskool geneem word, te gebruik vir verslaggewing en bemarkingsdoeleindes.

Handtekening _____ Datum _____

Hierdie inskrywingsvorm saam met die bewys van betaling van die deposito moet die ATKV voor of op 2 April vir die Port Elizabeth-slypskool en 10 Mei vir die Durban-slypskool bereik **om die bespreking te bevestig**.
E-pos na CharltonL@atkv.org.za of faks na 086 628 7776.

ATKV-lidmaatskap
Jou ledegeld stel ons in staat om die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder deur middel van verskeie projekte.

Merk asseblief die toepaslike blokkie:

Die ATKV kan my kontak om as lid aan te sluit.	☐
Die ATKV mag my nie kontak nie.	☐
Ek is reeds lid van die ATKV.	☐

*Indien jy nie een van die blokkies merk nie, stem jy in dat die ATKV jou mag kontak.